**13 April**

**Skriflesing: Josua 2:8-21**
**Fokusgedeelte: Josua 2:19**

## God se verlossing sluit menslike verantwoordelikheid in

In sy groot liefde en genade bring God ’n Kanaänitiese prostituut tot bekering en sy word uiteindelik deel van die geslagsregister van ons Here Jesus Christus. In ’n stad wat met die banvloek getref gaan word weens hulle sonde, word hierdie sondige vrou wat in haar sondige beroep vasgevang was, verlos. Ragab erken die almag van die Here en dat Hy waarlik God is (vs 11). Daarby erken sy dat haar hoop alleen by Hom te vind is. Sy tree vir haar familie in en pleit vir die behoud van hulle lewens. Dit word toegestaan, op voorwaarde dat hulle by haar in die vertrek met die rooi tou in die venster sal saamkom.

Ook ons het weens ons sonde die banvloek verdien, omdat ons van nature agter Satan aan gehoereer het. Deur sy genade is ons verlos deur die Here Jesus Christus wat ons as sy kerk sy liggaam noem. Ek en Ragab word op dieselfde manier gered, op grond van die soenverdienste van Christus. Sy is verlos omdat Hy sou kom, ek omdat Hy gekom het.

Net soos Ragab en haar familie, het ons ook die verantwoordelikheid om in die geloof in Hom te bly. In die dag van God se oordeel sal slegs diegene veilig wees wat in Christus voor Hom staan, gereinig deur sy bloed. God werk die geloof, maar steeds bly die opdrag staan: Glo! God roep ons op tot die verantwoordelikheid om in Christus te lewe. En ons kan dit doen, want Hy het ons reeds syne gemaak!

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2*

*Ds. HB (Bernard) Hattingh (Warmbad)*